



Liefde



- **Liefde** – Opregte toegewyde belangstelling teenoor n ander persoon, opoffering teenoor n persoon of wese, sien nie gebreke deur middel van liefde teenoor iemand anders nie, die liefde wat n mens vir n persoon gehad het, gaan nie heeltemal dood nie.
- **Valentynsdag** - 14 Februarie, die dag waarop jy tradisioneel vir jou liefling n kaartjie, blomme of n geskenkie stuur, dikwels anoniem, as blyk van jou liefde.
- **Dankbaarheid** – Vol dank vir dit wat jy ontvang het.



Valentynsdag- Menslike Liefde



- Volgens navorsers, sê ouers is die mees gewilde persone wat Valentys dag kaartjies van hul kinders ontvang met ongeveer een uit elke vyf kaartjies wat aan hulle gaan. Onderwysers, kinders, vroue en geliefdes is ook bo-aan die lys. Volgens die navorsers, word ongeveer 85% van alle aankope van kaartjies deur vroue gedoen. Addisioneel van kaartjies, word miljoene bokse sjokolade en rose verkoop (hoofsaaklik deur mans) op 14 Februarie. Maar waar kom Valentynsdag vieringe oorspronklik vandaan? Waar kom Valentynsdag vandaan? Valentynsdag het waarskynlik sy oorsprong van die antieke Romeinse fees van Lupercalis, wat 15 Februarie gevier word, gekry. Die feesvieringe is geleidelik geassosieër met die fees dag (14 Februarie) van twee Romeinse martelaars, beide St Valentine genoem, wat in die derde eeu geleef het. St Valentine is tradisioneel eerbiedig as die beskermheer van verliefdes.



Valentynsdag- Menslike Liefde



- Daar is egter ook sekere twispunte aangaande Saint Valentine, na wie die gewilde dag vernoem is. Argeologie, wat 'n Romeinse grafkelder en eertydse kerk opgegrawe het, is nie seker of daar slegs een Valentine of meer was nie. Vandag erken die Katolieke Kerk ten minste drie verskillende heiliges wat Valentine of Valentinus genoem was – van wie almal gemartel was op 14 Februarie – ten minste twee van hulle in Italië gedurende die derde eeu.
Die mees gewilde kandidaat is egter 'n derde eeuse priester wat Christenskap gepraktiseer het en geheime huwelike uitgevoer het – teen direkte opdragte van Keiser Claudius II wat geglo het ongetroude soldate sou makliker by sy weermag aansluit. Die legende is dat Valentine 'n nota aan sy vriendin (die gevangene se dogter) gestuur het wat sê “From your Valentine” voordat hy tereggestel is op 14 Februarie in 270 n.C. (Hierdie frase word steeds vandag prominent in kaartjies gebruik).

Vaderlike **Liefde** – Joh 3:16



- Ons as kinders van God behoort Joh 3:16 te glo en sodoende te weet dat God ons lief het!!
- Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.





Jesus **Liefde**



- Ons as kinders van God behoort te glo dat Jesus in Joh 15:13 vir ons se, dat daar geen groter liefde is as n vriend wat sy lewe vir sy vriende sal gee nie. Dit is wat Jesus vir ons gedoen het!
- Joh 15:13 Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.
- **Hoe se Jesus sal mense weet dat ons Hom lief het!!**
- Joh 13:35 Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.
- Joh 15:9 Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My.
- Joh 15:10 As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.



Liefde deur die Heilige Gees!!!



- Hoe het ons die liefde van God ontvang?
- Antwoord: Deur die Heilige Gees!
- Rom 5:5 en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.
- Rom 5:8 maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.
- Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
- Hoekom moet ons mekaar lief he?
- 1Pe 4:8 Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.



Die Liefde-

1 Kor 13:1-13



- **Sonder liefde is ons niks!!!!**
- 1Co 13:1 Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword.
- 1Co 13:2 En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.
- 1Co 13:3 En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.
- 1Co 13:4 Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,
- 1Co 13:5 handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,
- 1Co 13:6 is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.
- 1Co 13:7 Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.



Die Liefde-

1 Kor 13:1-13



- **Sonder liefde is ons niks!!!!**
- 1Co 13:8 Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan
- 1Co 13:9 Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.
- 1Co 13:10 Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.
- 1Co 13:11 Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê.
- 1Co 13:12 Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.
- 1Co 13:13 En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.



Liefde vir die Here God- Hoe bewys ek Liefde- Dankbaarheid



- **Vraag:**
- Hoe dankbaar is jy teenoor God
- Hoe dankbaar is jy teenoor Jesus
- Hoe dankbaar is jy teenoor die Heilige Gees
- **Hoekom - Antwoord**
- Dankbaarheid bring verlossing
- Dankbaarheid bring redding
- Dankbaarheid bring genesing
- Dankbaarheid bring voorsiening
- Dankbaarheid bring beskerming
- Dankbaarheid bring vrede

